Curriebeker

Week 14

Blou Bulle vs Luiperds

Verlede Vrydagaand het dit gelyk of die Bulle al hul woede en teleurstellings van die 2011 seisoen in tagtig minute wou uitwoed en die arme Luiperds moes dit ontgeld! Die eindtelling was 92-21 en dit was ‘n lang aand vir die Mielieboere op kantoor. Maar ongelukkig vir die Bulle was hierdie poging tevergeefs want vir die eerste keer in tien jaar sal daar nie ‘n Blou Bul span in die semi-finale wees nie! ‘n Elle lang lys van verskonings sal seker maar aan die orde van die dag wees, maar hulle sal meer respek afdwing om net te erken dat hulle nie goeie rugby vanjaar gespeel het nie!

Cheetahs vs Griekwas

Die Blikore moes ‘n geweldige aanslag in die laaste tien minute van hierdie puik wedstryd afweer en wen 49-39. Die Bloemfonteiners het ook nie hul beste spelers in die agterlyn beskikbaar gehad nie, en sodoende was die normale hardloop-rugby nie op die spyskaart nie. Vir twee staatmakers in die Griekwa span, Sarel Pretorius en Riaan Viljoen, was dit die laaste wedstryd vir die Poubloues. Pretorius gaan Australië vir die Waratahs speel en Viljoen sluit hom aan by die Haaie. Vrystaat speel in die eerste semi-finaal in Durban teen die Haaie.

WP vs Pumas

Die terugkeer van die Springbokke na hulle onderskeie unies het nogal heelwat aandag getrek. Met die ses Bokke wat deur die WP ingespan was teen die Pumas, kon daar duidelik die verskil gesien word. Die WP klop die moedige Pumas span 43-18, maar ‘n mens kan jou hoed afhaal vir die span onder die leiding van Jimmy Stonehouse. Van die kleiner unies het hulle die beste vertoon tussen die groot honde. Die WP kon egter nie ‘n tuis finaal afdwing nie en moet Jo’Burg toe om die Goue Leeus in die laaste Semi-finaal aan te vat. Maar die WP het gesukkel in die skrums en dit kan dalk net in die Leeus se guns tel. Dit gaan ‘n harde wedstryd wees en die Leeus gaan nie maklik in hul agterplaas geklop word nie…

Sharks vs Lions

In die Haaitenk was dit heeltemal ‘n ander span in swart wat van meet af die Leeus gekarnuffel het en hulle maanhare een vir een uitgetrek het. Hulle het vir die eerste keer in die seisoen gelyk en gespeel soos ‘n kampioenspan, hulle verneder die Leeus en klop hulle 53-9. Die terugkeer van Ryan Kankowski kon nie op ‘n beter tyd gekom het vir die Haaie nie, en boonop toe die twee Du Plessis ysters en die oorlogtenk, Willem Alberts, ook nog tot die stryd toetree, het die hare behoorlik gewaai! Die Jo’Burgers het seker gedink hulle is deur ‘n orkaan getref! In die agterlyn het die gevaarlike Fransman Fred en die talentvolle jong Pat gewys dat hulle ‘n dodelike kombinasie gaan wees in die laaste twee wedstryde. Die Sharks speel teen die Cheetahs in die Haaitenk in die eerste uitklop wedstryd. Dit gaan ‘n klipharde wedstryd wees maar die Haaie gaan dalk net te sterk wees vir die Blikore en dalk ‘n herhaling van verlede jaar se eindstryd- WP en die Sharks…

Nag ou grote...

TV Weekend Sports

Saturday, October 22

Rugby - Currie Cup - SF 1 - 2pm - SS1 - **Rugby** - Currie Cup - SF 2 - 4.30pm - SS2 - **Motorcycling** - MotoGP - Malaysia Qualifying Practice - 7.40am - SS2 - **Cricket** - Zimbabwe v New Zealand - 2nd ODI - 9.20am - SS2 - **Football** - Wolverhampton Wanderers v Swansea City - 1pm - SS3 - **Football** - Newcastle Utd v Wigan Athletic - 3.45pm - SS3 - **Football** - Liverpool v Norwich City - 6pm - SS3 - **Football** - Barcelona v Sevilla - 9.55pm - SS3 - **Football** - Borussia Dortmund v Cologne - 3.25pm - SS4 - **Football** - Orlando Pirates v Black Leopards 5.30pm - SS4 - **Cricket** - Pakistan v Sri Lanka - 1st Test - Day 4 - 7.50am - SS5 - **Football** - Bolton Wanderers v Sunderland - 3.50pm - SS5 - **Football** - Hamburg v Wolfsburg - 6.26pm - SS5 - **Football** - Juventus v Genoa - 8.40pm - SS5 - **Cricket** - Bangladesh v West Indies - 1st Test - Day 2 - 5.20am - SS6 - **Golf** - European Tour - Castello Masters Costa Azahar - Day 3 - SS6 - **Football** - Olympique De Marseille v Ac Ajacco - 6.55pm - SS6 - **Football** - Lorient v Toulouse - 8.55pm -SS6 - **Football** - Aston Villa v West Bromwich Albion - 3.50pm - SS7 - **Football** - Malaga v Real Madrid - 7.55pm - SS7 - **Football** - Fluminense v Atletico-Mg - 9.55pm - SS7

Sunday, October 23

Motorcylcing - MotoGP - Malaysia Grand Prix - 125cc - 6.45am - SS1 - **Motorcylcing** - MotoGP - Malaysia Prix - Moto2 - 8am - SS1 - **Motorcylcing** - MotoGP - Malaysia - Main Race - 9.45am - SS1 - **Cricket** - South Africa v Australia - 2nd ODI - 12.30pm - SS2 - **Football** - Lecce v Milan - 12.30pm - SS3 - **Football** - Man Utd v Man City - 2.25pm - SS3 - **Football** - Queens Park Rangers v Chelsea - 4.30pm -SS3 - **Football** - Valencia v Athletic - 7.55pm - SS3 - **Football** - Villarreal v Levante - 9.55pm - SS3 - **Rugby** - IRB Rugby World Cup Final - 9am - SS4 - **Football** - Platinum Stars v Kaizer Chiefs - 2.30pm - SS4 - **Football** - Hannover v Bayern Munich - 5.25pm -SS4 - **Cricket** - Bangladesh v West Indies - 1st Test - Day 3 - 5.20am - SS6 - **Golf** - European Tour - Castello Masters Costa Azahar - Day 4 - SS6 - **Football** - Lille Metropole v Olympique Lyonnais - 8.55pm - SS6 - **Football** - Arsenal v Stoke City - 2.20pm - SS7 - **Football** - Atletico v Mallorca - 5.55pm - SS7 - **Football** - Internacional v Corinthians - 7.55pm - SS7 - **Cricket** - India v England - 4th ODI - 10.45am - SS5 - **Football** - Bologna v Lazio - 8.40pm - SS5

Wêreldbeker Semi’s

Wallis vs Frankryk

Die Rooi Drake kon baie vuur spoeg oor hierdie verloor, maar daar is meer trane gestort, wat hierdie vuur van korte duur sou maak. Die manne in rooi verloor hulle kaptein in die sewentiende minuut van die eerste helfte met ‘n rooikaart. Teen ‘n beter span sou dit baie meer rampspoedig gewees het, maar die manne van Wallis toon geweldige veggees met veertien man en verloor die wedstryd 9-8.
Die Walliesers het ook met verskeie maklike strafskoppe pale toe gemis om die sout verder in die wonde te vryf. Vir die Franse is dit seker nog soos ‘n droom wat waar geword het, maar wat definitief in ‘n nagmerrie gaan eindig.
Die Franse kom nou teen die omgekrapte Kiwi’s in die finaal te staan. ‘n Wonderwerk sal moet gebeur as hulle die Nieu-Seelanders wil en kan klop en dan sal Nieu-Seeland seker as ‘n rampgebied verklaar word…

All Blacks vs Wallabies

Die begin van die einde vir die Wallabies het al klaar by die Haka begin. Van die ysters in die Wallabies se span was duidelik al klaar ontsenu – die twyfel kon in hulle oë gesien word. Dit was die mees asemrowende, skouspelagtigste optrede deur die Nieu-Seelanders in ‘n Haka vertoning tot op hede met hoendervleis aan die orde van die dag!
Quade Cooper begin die wedstryd sekondes na die Haka met die afskop wat te ver trek en direk uit is… Die res is geskiedenis, die All Blacks lewer seker een van die mees kliniese vertonings in rugby se geskiedenis en klop die Aussies 20-6, en dit boonop sonder Dan Carter!
Dit was ‘n puik wedstryd en goeie rugby is opgedis, maar die telling vlei die Aussies op die einde van die dag. Die enigste negatiewe aspek vir die Kiwi’s, was hulle skopwerk pale toe. Piri Wheepu het die vorige wedstryd amper ‘n 100% slaagsyfer gehad, maar sukkel om sy ritme te vind en mis vier redelike maklike skoppe, maar lewer oor die algemeen skitterende spel vir sy span. Cory Jane het onder die hoë balle soos ‘n rots gestaan , ten spyte van ‘n sny oor sy neus, die bloed afgevee en verder gespeel en die passie gewys wat dit beteken om daai swart trui oor sy kop te trek.
Die hele 22-tal het passie en trots om vir hulle land te speel, en daardie passie en trots gaan die Webb-Ellis se staanplek maak in Nieu-Seeland vir die volgende vier jaar. Die All-Blacks pak nou die Franse Hane in die finaal en sal seer sekerlik nie hierdie een verloor nie!
Go All Blacks!

Einstryd Nuus

Die Suid-Afrikaanse Skeidsregter, Craig Joubert, is na sy skitterende optrede in die Semi-Finaal, tussen Nieu-Seeland en Australië, welverdiend aangewys as die man wat die fluitjie in die Rubybeker finaal van 2011 gaan beheer !

MAGALIESBERG BIOSPHERE
Project

PUBLIC PARTICIPATION MEETINGS
PHASE 2: SITUATIONAL ANALYSIS

Come and be part of the solution and join us for the second phase public meetings for the Magaliesberg Biosphere application project, where the Situational Analysis will be presented. A copy of the Situational Analysis report can be viewed and / or be downloaded from the project’s website.

Your input is extremely important for the successful completion of the Magaliesberg Biosphere application to be submitted to UNESCO.

Focus Group	Date	Time	Place/Venue
Tourism & Businesses	25/10/2011	10h00	Pecanwood College
Land Owners /Tenants / Residents	25/10/2011	17h30	Hekpoort Primary School
NGO, Conservancies Interest Groups / Education	26/10/2011	10h00	Auto Cradle Estate Restaurant
Rural Settlements & Townships	26/10/2011	17h30	Majakaneng Hall
Government Departments District & Local Municipalities Ward Councillors, Tribal Authorities	27/10/2011	10h00	Dept. Economic Development, Environment, Conservation & Tourism, Rustenburg Office
Mining & Industries	27/10/2011	17h30	NG Moeder Gemeente - RTB

Please RSVP if possible to enable us to arrange refreshments for each meeting.

We hope to see you all there.

Registration and Submission of Comments & Concerns can be done with Isabel Hough as follow:

Send sms to: 079 059 8329
Fax to E-mail: (086) 510 1375
Send and E-mail: isabel@magaliesbergbiosphere.co.za

For online registrations and submission of comments please visit the following website
www.magaliesberg-unesco-listing.co.za